Mount Amanzi 26/12/2014 tot 2/1/2015

Die plek van rus en vrede oor die fees tyd en oujaar. Of te wel die plek van water en vis! So vernoem ek hom in 2014.

Grant en Braam geniet die rustigheid.

Hier het ek my plek al 16 jaar waarvan ek al 12 jaar gereeld gaan oor die nuwe jaar periode. As iemand sê dat die drie damme op die oord geen vis het..... Wel dink weer sê ek. Na 72 vis sedert 26/12/2014 tot en met 2/1/2015 sal ek graag n kruisie op bladsy 72 in my visvang boek wil maak met rede. Wel hoe lekker lag ek nou hier in my nou.

Dankbaar is ek ook aan n goeie vriend wat ek tydens my visvang sessie ontmoet het. Ek noem hom n "Legend" van visvang tydens my tyd by Mount Amanzi in 2014. Braam Smit, soos die jong klomp hom sal noem.

Kerels in al my jare van "Catch en release" het ek geleer by Braam. Die spreuk woord se mos altyd, "JY IS NOOIT TE OUD OM TE LEER".

Dan ook nog n jong seun, Isak wat n passie het vir visvang. Jong man en seun, jy sal nog geken word op jou pad in die visvang wereld wat vir jou voorlê. Hy is Mount Amanzi se visvang guru. Wel so noem ek hom.

Vang het ons gevang en geluk was aan ons kant in 2014, teenoor verlede jaar se teleurstellende 19 vis oor net soveel dae. 2013 het wel 'n vettie opgelewer van plus minus 8kg wat weer vrygelaat was

in 2013. Soos dit nou maar is glo mense ‘n hengelaar mos nooit. Vettie soos wat ek hom noem was gevang op die tweede laaste dag om 3h00 die oggend in die Karee dam in 2013.

2014 se vis het die volgende ingesluit; Karp, Blou Kurper, Baber. En dan daai 1.7kg bass.

Dan natuurlik ‘n Rooi Kurper. Ja, ja Rooi Kurper. Wat ‘n bielie. Uitstekend aan my dogter Chante se vriend Botha what hom op ‘n warrior floatie gevang het.

Natuurlik moet ons ook nie die Swart Karpe vergeet. Ons noem hulle Stroom Karpe. Ons het hom by die groot dam by Moepel 8 gevang.

Verbasend genoeg was daar ook ‘n Skoon-skub Karp gewees van so +- 2kg.

Vir die rekord en vir die wat nie weet, 16 Karp uit die 72 vis het gewissel van 3kg tot 7,2kg. Daar is ook 4 vetties gevang tydens die visvang kompetisie tussen 9h00 tot en met 12h00 die oggend wat saam gepaard gegaan het met ‘n Magic Bait visvang demonstrasie en verskeidenheid floaties en lok aase. Hulle is gevang op Goud, Silver en Brons van MG Baits. Sien die bewyse hier onder.

Soos Braam sê, vis byt enige tyd solank jy die regte aas het. Al die vis was geweeg en weer veilig terug geplaas in die dam tydens ons tydjie by Mount Amanzing. Die foto's is bewys vir die gene wat altyd sê dit is 'n wolhaar storie veral by Mount Amanzi, met sy klein dammetjies.

Een vis is tydens die visvang sessie gevang en is ongelukkig nie geweeg. Ons het hom so tussen 7,2kg tot so ongeveer 8.2kg geskat. Hy is ook vroeg oggend gevang. Dit was omtrent 2h15. Kyk net na die boggel op sy rug.

Goed gedoen Grant. My dogter se verloofde het hom ook 3h00 gevang in die oggend.

Grant het ook my bas geskop by die visvang kompetisie. Hy het eerste plek geneem en my gelos met tweede en derde plek by die visvang kompetisie

Isak staan saam met ons by die prysuitdeling. Hy het alles gereel by die kompetisie en seker gemaak almal weet van die Magic bait wat gebruik moet word vir suksesvolle hengel. Goed gedoen Isak. Mount Amanzi het iemand soos jy nodig.

Nou ja soos hulle sê, wat is op die lippe van elke hengelaar by so oord as alles goed gaan met die vis en veral as jy die vetties uithaal. Met wat vang julle oom?

Hiermee deel ek graag die volgende.

1. Moet nooit te veel verander van aas. Jy verwar die vis.
2. Sit klein hoeveelhede op jou hoeke
3. Gebruik baie klein hoekies. Maak seker hoeke is baie skerp
4. Maak seker jou stroppe is baie goed geheg (daai koek wat los kom en dan kom die vettie weg)
5. As jy ‘n strop het met ‘n soort aas en jy wil verander na iets nuuts. Verander ook die strop.
6. Was jou hande as jy aas verander. Baie, baie belangrik
7. Onthou as jy baie raas sal vis byt, maar baie minder. Jy kan gesels maar moet nooit skree as jy met iemand praat. En los die musiek eerder by die huis.
8. Maak altyd vars aas aan. Aas word suur en belemmer jou kanse om vis te vang
9. Soet en sout werk by alle visvang areas
10. As jy nie n byt het beteken dit dat nog geen vis by jou lyn was. Moet nie ingooi en uitrek net omdat jy dink daar was dalk ‘n vis.

Dan onthou wat vir my werk, werk nie noodwendig vir jou. En onthou vis word gevang deur dat jy geduld toepas. Sonder geduld sal jy nooit regkom nie.

Dan wil ek iets deel met julle almal. Braam het my die volgende geleer. Honde ruik 14 keer beter as ‘n mens en ‘n vis ruik 33 keer beter as ‘n hond. Ek los jou met die stelling en glo my dit moet jou laat dink voordat jy aas aanwend op enige hoek wat jy wil ingooi.

Sterkte en onthou, sonder ‘n lyn in die water sal jy nooit weet en nooit ‘n vis vang. Belangrik, geniet wat jy doen.

Daai vetties is by Mount Amanzi. Onthou hulle moet eet. Daar word beweer dat Mount Amanzi tussen 13kg en 15kg karps in die water het. Hoekom sê ek so. Wel, Kobus wat ons ook by Karee dam ontmoet het tydens ‘n oggend sessie 3 jaar terug ‘n 11kg karp hier gevang. Hy is die SA Kaptein vir spesie hengel in SA. Wel 3 jaar later en ek glo daai 11kg karp moet groei. Werk dit uit vir jou self.... Die belangrikste van als! Kyk mooi na ons vis spesie in ons land en plaas hulle altyd terug in die water sonder om hulle seer te maak.

Stywe lyne en gaan groot in 2015

Net ek Francois Kruger. Die trotse aandeelhouer by Mount Amanzi

Groete aan Almal en Magic Baits